

Die Doop word vanmore bedien aan Lizé, baba van SJ en Lize Jansen van Rensburg. Baie geluk aan julle en baie welkom aan die familie.

Tema: Die kern van jou verhouding met God is: soek Hom ywerig in sy Woord; wees Hom self gehoorsaam en leer ander mense die volle omvang en betekenis van sy Wil!

God en ons ontmoet mekaar

Intreelied: Ps 43 - 2: 2

Votum uit 2 Tim 3

Seën

Loflied Ps 119 - 1: 33,34,35 (eerste mel)

Geloofsbelydenis: Nederlandse Geloofsbelydenis artikels 3 en 7

Sing: Ps 119 - 2: 19

Ons verootmoedig ons voor God

Wet uit Eksodus 20

Sing Ps 1 - 1: 1

Gebed

Sakramentbediening

Formulier vir bediening van die Doop

Sing na die doop: Ps 105 - 1: 5.

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof

Wys skyfie 1

Skriflesing: Esra 7: 1 – 10

Teksverse: Esra 7: 1 en 10

Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening

Gebed

Sing Ps 25 - 1: 2,4

Seën

Sing Amenlied Sb 13 - 3.

Geliefde brs en srs en kinders

Die Here het al baie ver gevorder om sy verhouding met die teruggekeerde volk te herstel! Die Here het 'n ongelooflike pad met hulle gestap. Kom ons kyk gou terug! Hy het hulle in Babel gaan haal deur self in te gryp in die wêreldgeskiedenis deur Kores, die nuwe koning van Babel!

Die Here het Jesua en Serubbabel as twee bekwame leiers gegee om die volk terug te lei en hulle te help om die hulle diens aan die Here te herstel! Die Here het gewes aan die volk gegee waarmee hulle die diens van die Here in Jerusalem kon herstel en hulle het baie ver daarmee gevorder! Die altaar is gebou en offers kon weer gebring word.

Ons het verlede Sondag gesien hoe die Here die volk gehelp het om die tempel klaar te bou ten spyte van geweldige weerstand van Satan! Ons het gesien dat hulle die tempel met groot vreugde kon inwy en dat hulle die Paasfees kon vier! Die tempeldiens is herstel, die priesters, die Leviete, die koor en musiek leiers was in plek en almal wat daar moes help was in plek! Die volk kon weer erediens hou en God aanbid en verheerlik!

Die volk se vreugde was uitbundig en oorvloedig en op die oog af sou 'n mens kon sê dat alles nou weer reg is! Nou kon hulle begin om die mure van Jerusalem te herstel en die land weer op te bou te bou met hulle landbou en besigheid!

Maar, geliefdes, een noodsaaklike bousteen in die herstel van die geestelike lewe van die volk, het nog gekort! 'n Bousteen waarsonder alles wat tot nou toe herstel is, weer in duie sou stort! Sonder hierdie bousteen sou God se herstel van sy verhouding met die volk, nie ten volle deurgevoer kon word nie!

Wat sou hierdie uiters belangrike bousteen wees? Wat moes God nog herstel en terugbring? God se Woord! Ja, die Woord of die Wil van God as die sentrale fokuspunt van die volk se geestelike lewe! Dat die volk absoluut daarop gefokus sal wees om God se wil te ken, daarvolgens te lewe en sy wil bekend te maak!

Br en sr en liewe kinders: dit is ook die bousteen wat die Here vanmore ook in ons lewe wil vasmessel! Die Woord van God! God se Woord is die kern van my en jou verhouding met die Here! Dat ek en jy die Here ywerig soek in sy Woord, dat ons alles doen om self daaraan gehoorsaam te wees en dat ons dit dan ook aan ander leer! Dit is wat die Here ons vanmore aan kom herinner! Dit is hoe Hy sy verhouding met my en jou wil opbou!

Want geliefdes, die werklikheid is:die oomblik as die Woord van die Here eenkant toe geskuif word – as God se Wil vir ons lewe nie meer die sentrale fokus van ons bestaan is nie – dan word ons godsdienst waardeloos! Dan word “gods”-diens eintlik maar “self”-diens! Sodra die kerk van die Here en ons as gelowiges God se Wil nie meer as die belangrikste in ons lewe ag nie, dan word ons wil en ons begeertes die

belangrikste in ons lewe – dan begin ons noodwendig daarvolgens lewe! En so word God dan uiteindelik uit ons lewe verstoot!

Kom ons dink net 'n oomblik oor die volk Israel se verhouding met die Here in die geskiedenis in die Ou Testament! Vandat God hulle in Egipte gaan haal het en Kanaän aan hulle gegee het as die beloofde land, sien 'n mens dié refrein in die geskiedenis: “die volk het van die Here afgedwaal en afgode begin dien!”

Geslag na geslag, koning na koning! En as die Here nie telkens sy Woord en Wil aan hulle gestuur het deur die profete nie, sou daar nooit terugkeer en herstel van die verhouding kon wees nie! Genadig het God elke keer die profete gestuur om sy Woord aan hulle te bring, sy wil aan hulle bekend te maak en dan het die volk of koning teruggekeer na die Here toe en Hom weer gedien!

Hierdie voortdurende vergeet van die Woord van die Here en die wegloop agter afgode (eintlike maar hulle eie begeertes) aan, was die eintlike rede waarom die Here die volk met ballingskap gestraf het!

Die profete se waarskuwings hieroor is ook 'n refrein in die geskiedenis: (skyfie 2)

bv Jeremia in Jeremia 7: ³So sê die Here die Almagtige, die God van Israel: Maak julle lewe en julle dade reg, dat Ek julle kan laat bly in hierdie land. ⁴Moenie julle vertroue stel in leuens nie. Julle sê: “Ons is veilig! Dit is die Here se tempel, dit is die Here se tempel, dit is die Here se tempel!” ⁵Maak liewers julle lewe en julle dade reg. Doen aan mekaar wat reg is, ..”

Maak jou lewe en jou jou dade reg! (skyfie 3) Miga waarsku die volk in hf 6: “⁸Mens, die Here het jou bekend gemaak wat goed is: Hy vra van jou dat jy reg sal laat geskied, dat jy liefde en trou sal bewys, dat jy bedagsaam sal lewe voor jou God.”

Daarom stuur die Here nou, vyftig jaar na die bou van die tempel, vir Esra! Hy gaan haal Esra uit Babel om hierdie noodsaaklike bousteen te kom lê: Hy moet die Woord van God in die midde van die teruggekeerde volk se lewe kom lê! Sonder dat die volk God se Wil ken, dit gehoorsaam en dit aan ander leer, sal elke offer op die altaar, elke erediens in die tempel weer tevergeefs wees! Sal die volk se eie begeertes weer hulle afgod word en sal hulle van God vergeet!

Esra! 'n Man wat uitnemend deur God voorberei is vir sy opdrag! Wat 'n indrukwekkende CV word hier van hom gegee! Esra is 'n priester uit die beroemdste priestergeslag van Israel! Hy kom uit die nageslag van die eerste priester, Aaron, wat deur God self aangestel is! Sy oupa was hoëpriester in koning Hiskia se tyd en is deur Nebukadneser doodgemaak!

Maar Esra was nie net 'n bekende en vooraanstaande priester nie, hy was ook 'n Skrifgeleerde! Esra was 'n professor in die teologie! Hy het God se Woord baie goed geken en kon dit uitlê en toepas! Hy was waarskynlik die koning se raadgewer oor die Israel se godsdienstige lewe en Hy word gestuur om die volk terug te bring na die Woord van God!

Maar Esra was nie net 'n slim en geleerde man nie! Hy was 'n diep en toegewyde gelowige wat self die Here met hart en siel gedien het! Ons lees in vers 10 dat daar n

ywer in sy hart vir die Here gebrand het en dat hy die Woord van die Here met toewyding bestudeer het! Letterlik staan daar: hy het dit oor en oor gelees! Maar Hy het dit ook self geleef! Hy was self gehoorsaam aan die Here en dit was sy passie om die volk in die Woord van die Here te onderrig!

Geliefde, br en sr, Esra se lewe word hier die opdrag van die Here aan die volk en aan my en jou! Dit is wat Esra hulle moes leer en dit is wat God ons leer!

Hoe sal ek en jy ons lewe voor God reg hou! Hoe sal ons ons woorde en dade voor God reg kan hou en reg kan lewe! Hoe sal ons altyd die Wil van die Here ken en daarvolgens kan lewe!

Deur God se Woord – soos Esra – in die sentrum van ons lewe te plaas! Hoe plaas ons die Woord in die sentrum van ons lewe? Hoe maak ons God die belangrikste in ons lewe?

Deur in die eerste plek met toewyding en volgehoue ywer die Here in sy Woord te soek! Deur met volharding God se Woord te bestudeer en te leer hoe die Here wil hê dat ons alles sy Wil doen! Ons lewe vandag is so onderwerp aan geweldig baie invloed wat ons gedagtes en dade wil beheers – daarom moet ons sterk daarop fokus om altyd die Here se Woord as die belangrikste maatstaf vir ons lewe te neem

Maar ons moet dit ook in die tweede plek gehoorsaam ! Esra het die Woord van die Here wou toepas in elke faset van sy lewe! Te midde van hierdie komplekse lewe is daar nie 'n terrein of saak waarop die Here nie in sy Woord vir ons die regte pad wys nie en ons moet gehoorsaam daarop wandel. Al kos dit pynlike bekering soos ons vanaand in die prediking sal sien!

En *derdens moet ons die Woord van die ywer met uitdra* en dit vir ander mense leer! Hier in die kerk - maar ook daar buite in die wêreld! Ons sal later in Nehemia sien met watter ywer het Esra die volk God se Wet geleer!

Die vraag is: is ek en jy nog onderrigbaar? Wil ons nog geleer word of dink ons dat ons alles weet wat nodig is! Daar bly maar altyd in ons die stryd ts ons eie wil en God se wil! Wat ek weet en wil doen en wat God wil dat ek doen!

En daarom moes Christus ook gestuur word! Net soos Esra word Christus gestuur! Met die beste CV ooit! God wat mens word om mense te kom leer! Christus gebore uit die stam van Juda – soos God beloof het! Christus met 'n brandende ywer in sy hart om sy Vader se wil bekend te maak en te leef! Christus die groot Skrifgeleerde van alte tye! Meer Nog: Christus as die Woord van God self!

Hy het die Vader se wil aan ons bekend gemaak en Hy het dit volkome self kom leef! Met ywer en toewyding! Met soveel ywer en toewyding dat Hy sy lewe afgelê het om die wil van Sy Vader na te kom – Sodat daar vir ons 'n pad met God kan wees! Sodat ons God se liefdeswil kan ken, sy liefdeswil deur die krag van sy Gees ook uitleef!

Dat ons so brandend kan wees van dit wat Christus vir ons gedoen het, dat ons nie anders kan as om sy Wil aan almal bekend te maak nie!

Ja, br en sr en liewe kinders: Maak Christus – die Woord van God – die sentrum van jou bestaan! Soek Hom as die Woord van God, wees gehoorsaam aan God soos Hy ons geleer het, en leer ander om dit ook te doen! Wie hierdie bousteen in sy of haar lewe lê – hulle sal vir ewig in gemeenskap met God kan leef! Ten spyte van gebreke en tekortkominge – want ons bou op Christus – Hy is die hoeksteen in Hom sal ons altyd deel van God se huis wees! In Hom sal God se bouwerk in ons lewe standhou en sal God dit klaarmaak

Amen